

Die sedelose vrou, ook in 2020

Openbaring 17:1-7

18 Oktober 2020

1. Sedelose vrou (Op 17-19) is sesde onderdeel van Openbaring (vorige 5: 7 briewe, 7 seëls, 7 trompette, 7 visioene, 7 bakke)
2. 5 Vyande van God en kerk: draak (satan), dier uit die see (antichris), dier uit die aarde (vals profeet), bewoners van die aarde, sedelose vrou (Babilon)
3. Sedelose vrou (Op 17:1-7)
 - a. Bly by baie waters – volke, stamme, tale en nasies (Op 17:15)
 - b. Verlei konings en bewoners van die aarde deur hulle dronk te maak met haar sedelose praktyke
 - c. Sedelose praktyke is geestelike onsedelikheid (vgl Op 2:14, 20, Hos 4:10-13)
 - d. Woestyn: Daar is ook 'n ander vrou in die woestyn – Op 12:6,14
 - e. Sit op helderrooi dier met godslasterlike name, 7 koppe en 10 horings – dier uit die see (antichris) (Op 13:1)
 - f. Voorkoms: uitgedos in helderrooi klere, opgetooi met goud, edelstene en pêrels, goue beker – sterke fokus op handeldryf in hierdie ware (Op 18:11-12, 19, vgl Op 13:16-17)
 - g. Opsommend: Sedelose vrou is ekonomiese en godsdienslike sisteme wat in alliansie met die staat/gesagstrukture die bewoners van die aarde mislei
 - h. Naam op voorkop (vgl Op 7:23, 13:16)
 - i. Naam beskryf karakter van naamdraer en verwantskap met God of satan
 - ii. Verborgen naam moet geopenbaar word (vers 7, vgl Op 1:20, 10:7)
 - iii. Groot Babilon – beker in God se hand (Dan 4:30, Jer 51:7)
 - iv. Moeder van sedeloses en losbandigheid op aarde – teenoorgestelde van die ander vrou in die woestyn wat die moeder van die Lam en die kerk is (Op 12)
 - i. Sy is self dronk – bloed van die gelowiges
4. Johannes se verwondering
 - a. Vergelyk Babilon met Nuwe Jerusalem (Op 21:18-21, 19:8)
 - b. Vergelyk sedelose vrou met Ou Testamentiese hoëpriester (Eks 28:5-9)
 - c. Soos wat die onheilige drie-eenheid (draak, dier uit see, dier uit aarde) die Heilige Drie-Eenheid na-aap, so na-aap Babilon (sedelose vrou) die Nuwe Jerusalem (ware kerk)
5. Voorbeeld van die sedelose vrou in 2020
 - a. Nou fokus op persoonlike (finansiele) gewin tydens verkiesings
 - b. Materialisme – Zondo kommissie van ondersoek
 - c. Dwelmdrank van sukses of status